01

# PURE PLAAS

02

Om Kersefontein te besoek is soos om huis toe te kom ná 'n lang afwesigheid. Hier is alles wat jou herinner aan mooi dinge, en in die luukse gaste-suites kan jy 'n regte plaaskuier beleef

*artikel* ***Johan van Zyl*** *foto's* ***Ryno***

MAAK DIT SELF

Pars jou eie blomme deur dit in 'n dik boek met iets swaars daarop te sit. Laat so 2-3 weke toe om goed droog te word.

01

02

**1 BOTANIE-LES** Julian het die Kaapstadse kunstenaar Margaret Woermann gevra om oor 'n tydperk van vyf maande plante en blomme wat op die plaas groei te versamel en te pars. Hy het dit, met hul botaniese en noemname, laat raam en dit hang in die ontbytkamer van die gaste-suites.

**2 STIL HOEKIE** Hier kan jy rustig sit en skryf, lees of droom. Die tafelblad is van marmer.

VAN PATERNOSTER na Kersefontein op die pad tussen Hopefield en Velddrif ... hier het jy nie 'n ryk verbeelding nodig om te voel jy is terug in die agtiende eeu nie. As jy eers oor die Bergrivier en deur die plaasingang gery het, waarop die naam en die jaartal 1744 aangebring is, voel dit of jy nou-nou vir lord Charles Somerset, 'n gereelde besoeker destyds, gaan raakloop.

Die manjifieke herehuis met sy indrukwekkende versameling buitegeboue en "twéé aanloopbane, net soos by Heathrow – very *Out of Africa*" behoort deesdae aan Julian Melck, 'n man wat jy nie in 'n boksie kan druk nie. Hy's bees-, boerperd- en koringboer, regsgeleerde, vlieënier, orrelis, wildevarkjagter, smulpaap, esteet, wynfynproewer, amateur-historikus, kroegman, reisiger, storieverteller en galante gasheer.

"Die eerste Melck het die plaas in 1770 gekoop om met beeste te boer en vars voorrade vir die Vereenigde Oost-Indische Compagnie by die Kasteel te verskaf," vertel Julian, voor hy nonchalant sê: "En toe het daar natuurlik baie, baie dinge gebeur voordat my ouers in 1948 getroud is en in 1953 besluit het om die huis te restoureer met geld wat hulle uit die opbloei in die wolbedryf gemaak het."

Julian, wat in die regte studeer het, was nie van plan om te boer nie, maar het tog homself voluit in die boerdery

Julian Melck

gewerp nadat hy die familieplaas geërf het. Hy het stadigaan begin met die restourasie van die klomp buitegeboue wat die plaaswerf soos 'n dorpie laat voel (en baie gewild maak onder rolprentspanne en fotograwe). Die plaas spog nou met vyf gastekothuise wat Julian en die interieurontwerper Graham Viney – "sy ouers en myne was Tweede Wêreldoorlog-vriende" – in ouwêreldse uitspanplekke vol familie-erfstukke verander het. Graham het ook gehelp om nuwe lewe in die herehuis te blaas. Die kalkgroen en rooi eetkamer is byvoorbeeld geskoei op 'n skildery van die private eetkamer in die Balmoral-kasteel, en net vir die drie massiewe vensters het Graham 90 meter materiaal uit Yorkshire saamgebring.

Só word die stories uitgeryg hier in die hart van die Sandveld – " 'n groot gebied met 'n klein gemeenskap"; oor die heel laaste seekoei in die Bergrivier wat in Februarie 1869 in die rivier net buite die voordeur van kant gemaak is; oor John Kennedy Junior, toe 19, se besoek aan die departement van joernalistiek op Stellenbosch in 1980."

Vir dié en 'n leeftyd van stories – en die saligheid der saligheid van die Sandveld – moet jy vir 'n naweek Kersefontein toe. Of maak dit sommer 'n week.

**Kersefontein**
www.kersefontein.co.za, 022 783 0850.

Foto van Julian Willem Loubser

**1 'N WIT MUUR EN 'N SOLDERTRAP**
Die agterkant van die hoofhuis is omring met groot bome en agter die wit muurtjie is 'n roostuin.

**2 'N EIER TE LÊ**
Die hoenderhokke op Kersefontein.

**3 WELKOM OP ONS PLAAS**
Die oop voordeur van die hoofhuis laat jou dadelik welkom voel. Dit lyk of die grasperk tot in die ewigheid strek.

**4 DIE LANG GANG**
In tipiese plaashuis-styl is daar 'n breë gang waar jy jou kan verwonder aan jag-trofeë en Julian Melck, die eienaar, se kunsversameling.

**5 SLAAP LUUKS**
Die gastekamers is ruim en luuks. Die mure van dié gastekamer is versier met William Morris-plakpapier.

**6 PASMAAT**
Die badkamer is in dieselfde styl gemeubileer en in bypassende kleure geverf. Die vloer is met inlegwerk versier.